

17 Augustus

Skrifgedeelte: Matteus 25:31-46 (OAV)
Fokusgedeelte: Matteus 25:40, 45

Vir sover julle dit gedoen het ...

Ons gelese gedeelte bring ons by die eindoordeel van God, waar elke mens voor God as Regter sal verskyn. Almal sal voor Hom verskyn en Hy sal skeiding bring tussen dié aan sy regterkant (die gelowiges) en dié aan sy linkerkant (die ongelowiges). Vir die gelowiges wag die ewige lewe, vir die ongelowiges die ewige straf.

Tog is dit opmerklik uit vers 34 dat die koninkryk van God vir die gelowiges reeds vanaf die skepping voorberei is. Dus bevind die gelowiges hulle nie aan God se regterkant omdat hulle so goed is nie, maar omdat Hy so genadig is. Ons word hier by God se uitverkore liefde vir sy kinders gebring. Hy het hulle plek reeds voorberei.

MAAR hoe sal sy kinders in hierdie wêreld? onderskei kan word Hulle werke sal daarvan getuig. Hulle sal vrug dra wat getuig dat hulle in Christus is.

Daarom dat Jesus Christus dit in hierdie gedeelte so mooi kan aanwys: Vir sover ons aan een van die geringstes hier op aarde iets doen, het ons dit aan Hom gedoen (vs 40) en sover ons dit aan die geringstes nie gedoen het nie, het ons dit ook aan Hom nie gedoen nie (vs 45).

Liefde vir ons naaste getuig van ons liefde vir God. Wie na sy naaste omsien, wys daarmee dat hy/sy vir God liefhet. Daarom gee ons die hongeres kos en gee ons skuiling aan dié wat nie plek het nie en klee ons dié wat nie kleren het nie en versorg ons die siekes en besoek ons hulle wat in die gevangenis is. Nie omdat ons ons gered wil word nie, maar omdat ons gered is. Ons leef ons liefde vir Christus met gewillige offerhande, voete en gawes.

Laat ons dan in hierdie dag ook God liefhê met ons hele hart, ons hele verstand en al ons krag – en laat ons dit wys deur dit te leef na ons naaste.

Sing: Psalm 40:4 (1936)

Ds. JG Noëth (Kimberley)